

26 Januarie

**Skrifgedeelte: Matteus 7:7-12**  
**Fokusgedeelte: Matteus 7:11**  
**HK, Vraag 26**

### **God is ons Vader tot ons beswil**

Is of was daar nie teenstrydighede in jou pa (vader) se optrede teenoor jou nie? Die fokusgedeelte is ook iets van 'n teenstrydigheid. In sy prediking oor die gebed lyk dit of Jesus Hom van die skare distansieer. Hy verwys na "julle wat sleg is ..." Hy is nie deel daarvan nie. Hy het geen sonde nie. Die verrassende is dat Hy God in dieselfde sin "julle Vader wat in die hemel is," noem. Hy kan, want Hy is self die verbinding. Hy wat van ewigheid by die Vader is, bring ons en God bymekaar. Dit is immers ons troos in lewe en sterwe dat ons aan Jesus Christus behoort (HK 1:1). Wie aan Jesus behoort, behoort ook aan die Vader (Joh 17:6, 10). Wat oënskynlik na verwydering lyk – en deur die sonde werklik verwydering is – kom tog bymekaar. Dit vind plaas sodat *ons* wat van nature sleg is, God nogtans *ons* Vader kan noem, deur Jesus Christus. Daarom mag ons op die Skepper van hemel en aarde as ons Vader vertrou. Hy sorg en bestuur alles tot my beswil. Wat dan vir ons na teenstrydighede lyk, is God se sorg en bestuur sodat ons in ons verhouding met Hom beter word.

*Sing: Psalm 68:9 (1936-beryming)*  
*Psalm 68:5 (2001-omdigting)*

*Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*